

Ignoreer belasting

Jy is 'n leerlingrekenmeester (ouditklerk) by EZEE Ouditeure Geïnk ('EZEE'), 'n groot, nasionale firma van geregistreerde ouditeure. Jy is toegewys aan die audit van MasterBus (Edms) Bpk ('MasterBus') vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2019.

MasterBus is 'n vinnig groeiende tegnologiemaatskappy wat in 2013 deur drie vriende, mnr Duduzani Moyo, mnr Sizwe Mhlambi en mnr George Hendricks, gestig is. Die idee vir MasterBus het ontstaan uit die frustrasie wat die vriende ervaar het toe hulle as studente openbare vervoer moes gebruik om na werkonderhoude, vermaak en sportverpligtinge in Johannesburg rond te reis. Hulle het 'n behoefte geïdentifiseer aan 'n toep wat gebruikers sou help om die mees doeltreffende en koste-effektiewe vorm van openbare vervoer te vind. Die resultaat was die MasterBus-toep.

MasterBus verskaf nie self die vervoer nie maar maak staat op vervoerverskaffers, wat wissel van munisipale busmaatskappye, minibustaxi's en treinoperateurs (Gautrein en Metrorail) tot operateurs soos Uber en Bolt wie se dienste op elektroniese wyse (Eng.: 'e-hailing') aangevra word.

MasterBus fasiliteer 'n kontantlose omgewing vir pendelaars en vervoeroperateurs. Die MasterBus-toep maak dit vir pendelaars moontlik om fondse op die toep te laai, wat hulle dan kan gebruik om reistariewe te betaal.

Een pendelaar het in 'n radio-onderhoud gesê dat sy 'n toegewyde gebruiker van die MasterBus-toep is omdat dit haar geld en tyd spaar. In die verlede het sy minibustaxi's gebruik, wat beteken het dat sy twee taxi's moes haal en by 'n groot taxistaanplek oorklim, alhoewel sy naby 'n busterminus woon. Met die MasterBus-toep het sy gevind dat sy die bus teen 'n goedkoper prys huis toe kan haal en nader aan haar huis afklim. Sy het geweet van die bus, maar kon totdat sy die MasterBus-toep begin gebruik het, nooit die busskedules ontsyfer nie.

'n Ander pendelaar, 'n welgestelde waagkapitalis, was in Johannesburg gestrand nadat sy haar beursie verloor het terwyl sy onderweg na 'n beleggerskonferensie in Sandton was. Sy het 'n plakkaat gesien wat die MasterBus-toep adverteer, en het besluit om dit op die proef te stel. By die konferensie het sy die toep entoesiasies geloof, en dit 'die MasterCard van openbare vervoer' genoem.

MasterBus het sedert 2016 vinnig uitgebrei, en word nou in alle groot stede in Suid-Afrika bedryf. Die maatskappy het 32 personeellede in diens, en alle werksaamhede word vanuit die maatskappy se Johannesburg-kantoor bedryf.

Korporatiewe beheerstruktuur

MasterBus se direksie bestaan tans uit die volgende persone:

Mnr Duduzani Moyo	Voorsitter en Hoof Uitvoerende Beampte
Mnr Sizwe Mhlambi	Innovasies Direkteur
Mnr George Hendricks	Hoof Inligtingsbeampte
Me Nosisa Mantashe GR(SA)	Hoof Finansiële Beampte (HFB)
Me Josephine Josephs	Menslike Hulpbronnendirekteur

Nosisa en George is van jongs af vriende. George het Nosisa tydens oprigting van die maatskappy vir die HFB-posisie gewerf op grond van haar ouditervaring met nuwe tegnologiemaatskappye.

Aangesien MasterBus 'n nuwe tegnologiemaatskappy was, wou Nosisa verseker dat die maatskappy in staat sou wees om beleggers te lok. Om daardie rede het sy van staanspoor af geïntegreerde verslae voorberei, wat sy steeds elke jaar doen. Die geïntegreerde verslag verklaar dat MasterBus vrywillig voldoen aan al die aanbevole praktyke en beginsels van King IV. Die maatskappy ondergaan ook 'n jaarlikse oudit; dus is geouditeerde finansiële state geredelik vir potensieële beleggers en bankinstansies beskikbaar.

Aangesien die direkteur tegnologie kundig is, het hulle 'n besondere belangstelling in die Vierde Industriële Revolusie (4IR) en die impak wat dit op die besigheid, die Suid-Afrikaanse ekonomie en die samelewing in die algemeen kan hê. Die direkteur beplan gevolglik 'n strategiese wegbreeknaaweek waartydens hulle hul reaksie op die risiko's en geleenthede wat die besigheid as 'n geheel in die gesig mag staan, sal bespreek, met spesiale aandag aan dié wat as gevolg van 4IR na vore kan kom.

Duduzani en Nosisa het EZEE as die maatskappy se Geregistreerde Ouditeur gekies omdat die firma op die voorpunt van die tegnologie-revolusie en 4IR is. Nosisa was ook baie beïndruk met EZEE se gebruik van data-analises om die gehalte en doeltreffendheid van die ouditwerk wat uitgevoer word te verhoog en om waarde vir sy kliënte toe te voeg. EZEE maak van gespesialiseerde ouditsagteware gebruik om sy ouditprosedures uit te voer.

Bykomende inligting

- MasterBus berei sy finansiële state in ooreenstemming met International Financial Reporting Standards voor.
- 'n Voorbelasting-verdiskonteringskoers van 15% per jaar is op MasterBus van toepassing.

Dokumentasie

Jy het die onderstaande dokumente ontvang:

Dokument	Beskrywing
WP 03	Beskrywing van die mobiele toep en inkomste
Memorandum A	Aantekeninge oor 'n gesprek met Nosisa Mantashe aangaande 'n nuwe MasterBus lojaliteitsprogram
E-pos	E-pos van M Anager
Aanhegsel by e-pos van M Anager	Persartikel oor MasterBus
Uittreksel uit EZEE se oudithandleiding	Algemene auditprosedures

Kliënt	MasterBus (Edms) Bpk	Jaareinde	30 Sept. 2019	WP 03																											
Vorberei deur	A Clerk	Nagesien deur	M Anager																												
Datum voorberei	1 Sept. 2019	Datum nagesien	15 Sept. 2019																												
Onderwerp: Beskrywing van die mobiele toep en inkomste																															
<p>Die onderstaande inligting in verband met die mobiele toep en inkomste is in die huidige jaar opdateer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pendelaars laai die mobiele toep af wat direk met behulp van hulle slimtoestelle met die MasterBus-toepassing koppel (Eng.: 'interface'). • Hulle registreer al hul besonderhede, met inbegrip van hul name, vanne, identiteitsnommers, selfoonnommers en e-posadres, op die toep. • Hierdie data word op die 'geregistreeerde pendelaardatabasis' aangeteken en 'n unieke gebruikersidentifikasie (ID) en persoonlike identifikasienommer (PIN) word gegenereer. • Gebruikers laai fondse op die toep deur óf hul besonderhede aan hul bankkaart te koppel óf geld by 'n OTM of by enige ondersteunende kleinhandelaar in die toep te deponeer deur hul unieke ID en PIN te gebruik. • Gebruikers kan hierdie fondse gebruik vir enige vervoerdiens wat MasterBus ondersteun. • Wanneer 'n geregistreeerde gebruiker die toep oopmaak, identifiseer die toep die gebruiker se ligging. Die gebruiker voer sy/haar reisbestemming in en die toep vertoon die verskillende rit-opsies, gebaseer op reistyd en ritkoste. • Die toep is verbind met die intydse vertrek- en aankomsinligting van die verskillende vervoeroperateurs. (Diensverskaffers wat by MasterBus registreer, installeer volgstoele (Eng.: 'tracking devices') op hul eie koste.) • Die gebruiker kies 'n rit-opsie en 'n unieke kode word gegenereer wat gebruik word wanneer daar op die gekose vervoerdiens geklim word. • Die skandering van die unieke kode op die vervoerdiens bevestig dat die pendelaar van die vervoerdiens gebruik gemaak het. • Die toep is direk met die maatskappy se finansiële rekeningkundesagteware geïntegreer. • MasterBus gebruik 'n geïntegreerde bedryfstelsel met wolkbergingvermoëns (Eng.: 'cloud storage capabilities'), wat deur 'n derdepartydiensverskaffer voorsien word, om die maatskappy se data te bestuur. <p>Inkomste</p> <p>Intekening op die MasterBus-toep is gratis.</p> <p>MasterBus verdien sy inkomste hoofsaaklik uit 'n persentasie van die reistariewe, wat met die verskillende vervoeroperateurs onderhandel word. Pendelaars wat die toep gebruik, betaal die reistarief aan MasterBus en MasterBus betaal op sy beurt die vervoerverskaffer, na aftrekking van die ooreengekome persentasie. Reistariewe is die amptelike tariewe van die vervoerverskaffers en hierdie reistariewe is waarneembaar en word deur die vervoerverskaffers bepaal. Bedrae verskuldig aan vervoerverskaffers word aan die einde van elke maand betaal.</p> <p>Aangesien die toep direk met die maatskappy se finansiële rekeningkundesagteware geïntegreer is, teken die toep die totale reistariewe deur die pendelaar betaal by wyse van die onderstaande joernaalinskrywings in die algemene grootboek aan:</p> <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th></th> <th style="text-align: center;">Dt</th> <th style="text-align: center;">Kt</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td>Joernaal 1</td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Bank/Inkomste vooruit ontvang</td> <td style="text-align: center;">XXX</td> <td></td> </tr> <tr> <td style="padding-left: 20px;">Inkomste</td> <td></td> <td style="text-align: center;">XXX</td> </tr> <tr> <td colspan="3"><i>Teboekstelling van die totale reistarief deur die pendelaar betaal</i></td> </tr> <tr> <td>Joernaal 2</td> <td></td> <td></td> </tr> <tr> <td>Koste van verkope</td> <td style="text-align: center;">XXX</td> <td></td> </tr> <tr> <td style="padding-left: 20px;">Bank</td> <td></td> <td style="text-align: center;">XXX</td> </tr> <tr> <td colspan="3"><i>Teboekstelling van die bedrag betaal aan die vervoerverskaffer na aftrekking van die ooreengekome persentasie</i></td> </tr> </tbody> </table> <p>MasterBus toon inkomste en koste van verkope as afsonderlike lynitems in sy staat van wins of verlies.</p>						Dt	Kt	Joernaal 1			Bank/Inkomste vooruit ontvang	XXX		Inkomste		XXX	<i>Teboekstelling van die totale reistarief deur die pendelaar betaal</i>			Joernaal 2			Koste van verkope	XXX		Bank		XXX	<i>Teboekstelling van die bedrag betaal aan die vervoerverskaffer na aftrekking van die ooreengekome persentasie</i>		
	Dt	Kt																													
Joernaal 1																															
Bank/Inkomste vooruit ontvang	XXX																														
Inkomste		XXX																													
<i>Teboekstelling van die totale reistarief deur die pendelaar betaal</i>																															
Joernaal 2																															
Koste van verkope	XXX																														
Bank		XXX																													
<i>Teboekstelling van die bedrag betaal aan die vervoerverskaffer na aftrekking van die ooreengekome persentasie</i>																															

Memorandum A
Aantekeninge oor 'n gesprek met Nosisa Mantashe
aangaande 'n nuwe MasterBus lojaliteitsprogram

MasterBus het gevind dat sommige pendelaars wat hul toep aanvanklik gebruik het om die beste vervoeropsie te vind, nie lateraan terugkeer het om ritte met behulp van die toep te bespreek nie. MasterBus het gevind dat die pendelaars dikwels die reëletydingligting oor vertrek- en aankomstye van die toep gebruik, maar dan verkies om die reiskoste direk aan die verskaffer van die vervoer te betaal.

MasterBus het gevolglik op 1 November 2019 'n lojaliteitsprogram vir kliënte bekend gestel, wat toepgebruikers met lojaliteitspunte beloon vir ritte wat deur middel van die toep bespreek word.

Die bepalings en voorwaardes van die lojaliteitsprogram is soos volg:

- Alle toepgebruikers word outomaties op die kliënt lojaliteitsprogram geregistreer.
- Toepgebruikers ontvang 1 punt vir elke R8 wat bestee word.
- Breukdele van punte is moontlik, wat beteken dat indien R12 byvoorbeeld bestee word, 1,5 punte toegeken word.
- Tien lojaliteitspunte is gelykstaande aan 'n waarde van R1, wat die toepgebruiker kan gebruik om vir daaropvolgende ritte te betaal.
- 'n Toepgebruiker kan nie lojaliteitspunte verdien op ritte waarvoor hulle met lojaliteitspunte betaal het nie.
- Lojaliteitspunte word toegeken op die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin ritfooie via die toep verkoop is. Dit beteken byvoorbeeld dat lojaliteitspunt met betrekking tot ritfooie in November verkoop, op 1 Desember toegeken sal word.
- Ongebruikte lojaliteitspunte verval ses maande nadat dit toegeken is.
- Die bedrae verskuldig aan die vervoerskaffers word nie deur die lojaliteitsprogram geraak nie. Hulle ontvang dus hul deel van die totale waarde van die reistariewe wat in 'n besondere maand verkoop is, nadat MasterBus se ooreengekome persentasie op reistariewe afgetrek is, ongeag die lojaliteitspunte wat deur die toepgebruiker verdien of gebruik is.

Die onderstaande is 'n uittreksel uit die transaksieverslae vir November en Desember 2019 wat direk vanaf die finansiële bestuurder van MasterBus verkry is:

	November 2019	Desember 2019
Lojaliteitspunte deur toepgebruikers gebruik	–	57 500 punte
Totale waarde van reistariewe in die maand verkoop	R1 200 000	R1 309 750
MasterBus se ooreengekome persentasie van die reistariewe	7,5%	7,5%

MasterBus beraam, op grond van bedryfstatistiek, dat 85% van die lojaliteitspunte gebruik sal word voordat dit verval.

E-pos van M Anager

Aan: atrainee@ezeeauditors.co.za
Van: manager@ezeeauditors.co.za
Datum: 27 November 2019
Onderwerp: Persartikel oor MasterBus
Aangeheg:



Beste A Trainee

Ek hoop dit gaan goed met jou en dat jy nog baie uit jou oudits leer. Ek het ter voorbereiding vir die 2019-oudit deur nuusartikels gewerk wat die afgelope ses maande in verband met MasterBus verskyn het en het afgekom op die aangehegte artikel wat op 26 Augustus 2019 op www.Zin24.com verskyn het.

Ek het vasgestel dat MasterBus se interne regspan die aangeleentheid nagevors het toe die Zin24-artikel gepubliseer is. Hulle het die onderstaande inligting aan my verstrek:

- Volgens die gebruikeroreenkoms besit MasterBus 'n ewigdurende, onomkeerbare magtiging om met die gebruikerinligting te maak wat hulle ookal wil.
- Gebruikers moet toestem tot die bepalings en voorwaardes wanneer hulle vir die toep registreer.
- Die *Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013* (Wet 4 van 2013) bevat bepalings met betrekking tot die beskerming van inligting deur openbare en privaatinstanties. Die regspan het vasgestel dat, weens die media-aandag in verband met die saak, daar 'n 60% kans is dat MasterBus die saak sal moet skik, selfs al is dit moeilik om op hierdie stadium te bepaal of MasterBus werklik die Wet oortree het.
- Die regspan het bepaal dat die saak waarskynlik op 25% van die geëiste bedrag geskik sal word.
- Dit is waarskynlik dat die saak teen 30 September 2022 geskik sal word, en dat enige vergoeding verskuldig op daardie stadium betaal sal moet word.

Ek het dit nogal interessant gevind en dit sal definitief iets wees wat ons in ons oudit in ag sal moet neem. Ons moet bymekaarkom en gesels oor die impak daarvan op ons oudit.

Vriendelike groete

M Anager
EZEE Ouditeure Geïnk

Aanhegsel by e-pos van M Anager Persartikel oor MasterBus

Johannesburg – 'n Suid-Afrikaanse prokureur het Maandag, 26 Augustus 2019, verklaar dat hy besig was om voor te berei vir 'n klas-aksiëgeding teen MasterBus, namens honderde MasterBus-toepgebruikers wat na aanleiding van mediablootstelling daarvan bewus geword het dat hul persoonlike inligting aan 'n eksterne party verkoop is. Elke gebruiker eis 'n bedrag van R10 000.

Prokureur Solomon Dlamini, wat deel uitgemaak het van die regspan wat 'n regstryd gevoer het teen 'n Europese webtuiste-ontwikkelingsmaatskappy en wat in 2017 tot 'n €100 miljoen-skikking gelei het, sê hy sal klas-aksiestukke 'binne die volgende paar maande' by die Suid-Gauteng Hoë Hof in Johannesburg indien.

'Ons ontmoet ons advokate volgende week om die finale uitleg van die aansoek vas te stel,' het Dlamini aan Zin24 gesê. Hy sê hy het tot dusver 150 eisers wat gebruikers van die toep is

en wat verontrus is deur die feit dat hul inligting sonder hul toestemming aan 'n derde party verkoop is.

Die beplande regsding, waaroor daar beperkte vorige hofbeslissings met 'n soortgelyke strekking in die Suid-Afrikaanse reg is, het sy oorsprong in 'n keerpuntbeslissing deur die Europese hof wat met betrekking tot die misbruik van kliënte se inligting sonder hul uitdruklike toestemming ten gunste van die eisers beslis het. Dlamini wou nie kommentaar lewer oor die grootte van 'n skikking nie, maar industriënavorsing dui daarop dat die maatskappy miljoene rande sal moet betaal om die saak te skik.

Toe sy vir kommentaar genader is, het me Nosisa Mantashe, die Hoof Finansiële Beampte van MasterBus, verklaar dat openbaarmaking aan gebruikers verstrek word wanneer hulle vir die toep registreer en die bepalings en voorwaardes verklaar dat wanneer gebruikers registreer, MasterBus die reg het om hul data te verkoop.

'n Binnebron het egter onthul dat MasterBus se regsadviseurs nie glo dat hierdie argument in 'n geregshof sal stand hou nie, aangesien die bepalings en voorwaardes nie vir gewone gebruikers duidelik of maklik verstaanbaar is nie. Me Mantashe self was verantwoordelik vir die bewoording, implementering en monitering van die maatskappy se bepalings en voorwaardes. Die bron het verder besonderhede van 'n MasterBus direksievergadering onthul waartydens me Mantashe na bewering haar kommer uitgespreek het oor die feit dat die verkoop van data in die bepalings en voorwaardes 'weggesteek' is. Nadat die winsgewende bykomende inkomste uit hierdie verkope egter oorweeg is, het die maatskappy se direksie besluit dat hierdie praktyk voortgesit moet word. Me Mantashe is skynbaar nou van mening dat hierdie praktyk in die beste belang van die maatskappy as 'n geheel is.

Bron: <http://www.Zin24.com/Companies/Digital/MasterBus-users-to-initiate-lawsuit-20190826AFR>

Uittreksel uit EZEE se oudithandleiding

EZEE se oudithandleiding, wat as deel van die firma se gehaltebeheerstelsel ontwikkel is, bevat die onderstaande 'algemene ouditprosedures' wat deur 'n ouditspan uitgevoer moet word vir alle wesenslike klasse van transaksies en rekeningsaldo's in 'n kliënt se finansiële jaarstate:

- 1 Verkry skedules vanaf die kliënt wat die klasse van transaksies en rekeningsaldo's ondersteun.
- 2 Voer die optellings en kruisoptellings op hierdie skedules weer uit.
- 3 Stem die eindsaldo van hierdie skedules ooreen met die bedrae in die algemene grootboek, proefbalans en finansiële jaarstate.
- 4 Indien van toepassing, stem die beginsaldo van hierdie skedules ooreen met die vorige jaar se werksapapere/geouditeerde finansiële state.
- 5 Inspekteer die skedules en algemene grootboekrekeninge vir enige ongewone inskrywings (bv. negatiewe, nul-, groot en ronde getalle, en teruggedateerde joernale) en volg met bestuur op.
- 6 Voer oorhoofse analitiese oorsigprosedures uit (bv. vergelyking van huidige jaar met vorige jaar, begroting, soortgelyke industrieë, ens.) en volg verskille op deur navraag by bestuur te doen en ondersteunende dokumentasie te inspekteer.
- 7 Inspekteer die finansiële state vir gepaste finansiële openbaarmakings met betrekking tot die International Financial Reporting Standards of die toepaslike rekeningkundige raamwerk.
- 8 Verkry 'n getekende bestuursverklaringsbrief met betrekking tot alle stellings met betrekking tot die klasse van transaksies en rekeningsaldo's wat geoudit word.
- 9 Oorweeg die doeltreffendheid van die interne beheermaatreëls met betrekking tot die klasse van transaksies of rekeningsaldo's en die uitwerking daarvan op die aard, omvang en tydsberekening van stuwingsprosedures.

AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2020

PROFESSIONELE VRAESTEL 4

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.

DEEL I – VERLANG		Punte	
		Sub-totaal	Totaal
(a)	Bespreek die toepaslikheid van die rekeningkundige hantering wat MasterBus gevolg het om sy persentasie van die reistarie vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2019 te verantwoord. <i>Kommunikasievaardighede – logiese beredenering</i>	10 1	 11
(b)	Bereken die bedrae wat in MasterBus se rekeningkundige rekords as inkomste vir November en Desember 2019 erken behoort te word. <ul style="list-style-type: none"> • Toon elke maand se inkomste afsonderlik. • Rond alle bedrae af tot die naaste rand. <i>Kommunikasievaardighede – aanbieding</i>	18 1	 19
(c)	Bespreek die rekeningkundige erkenning en meting van die klas-aksie-regsgeding in die finansiële state van MasterBus vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2019. <ul style="list-style-type: none"> • Moenie die Konseptuele Raamwerk bespreek nie. • Rond alle bedrae af tot die naaste rand. • Ignoreer die kontantvloei staat en die staat van veranderinge in ekwiteit in jou bespreking. 	10	 10
Totaal vir deel I			40

AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2020

PROFESSIONELE VRAESTEL 4

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.

DEEL II – VERLANG		Punte	
		Sub-totaal	Totaal
(d)	Beskryf die algemene kontroles wat MasterBus moes implementeer het om te verseker dat die maatskappy se data, wat deur die derdeparty-diensverskaffer in die wolk geberg word, veilig is.	12	12
(e)	Beskryf die toepassingskontroles met betrekking tot werkpapier WP 03 wat MasterBus behoort te implementeer om die volledigheid en akkuraatheid van die toegebruikers se data wat op die 'geregistreeerde pendelaardatabasis' gestoor word, te verseker.	10	10
(f)	Stel die stawende ouditprosedures op wat EZEE moet gebruik wanneer die 30 September 2020-oudit uitgevoer word om die akkuraatheid van die lojaliteitsprogram te verifieer. Prosedures moet bepaal word met verwysing na die inligting in Memorandum A rakende die kliënt lojaliteitsprogram. Sluit analitiese prosedures en die algemene ouditprosedures wat alreeds per die uittreksel uit EZEE se oudithandleiding uitgevoer is, uit. <i>Kommunikasievaardighede – toepaslike styl</i>	10 1	 11
(g)	Bespreek enige bekommernisse wat jy moontlik mag hê oor die etiese optrede en korporatiewe beheerpraktyke van Nosisa en die ander direkteure, gebaseer op die inligting vervat in die 'korporatiewe beheerstruktuur'-gedeelte en die Zin24-artikel. <i>Kommunikasievaardighede – logiese beredenering</i>	16 1	 17
(h)	Bespreek, met betrekking tot die direksie se beplande strategiese wegbreeknaweek – (i) die bedreigings; en (ii) die geleenthede wat hulle behoort te oorweeg om MasterBus die toekoms in te neem. <i>Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse</i>	 6 3 1	 10
Totaal vir deel II			60
Totaal vir die vraag			100